# Fisiese wetenskap

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## BESKRYWING VAN DIE VAK:

Die vak met alle antwoorde vir alle dinge... as die woord *hoekom* op jou lippe is, is Fisiese Wetenskap jou antwoord.

Wetenskaplike vaardighede is besonder toepaslik in die hedendaagse lewe en berei leerders voor vir die lewe na skool. Wetenskaplikes kan komplekse informasie verwerk en hulle gebruik meestal wiskunde om dit te doen. Hulle is goed met probleemoplossing, maak analises van 'n verskeindenheid versamelde data, kommunikeer hulle bevindinge kort en kragtig en gee 'n akkurate evaluasie van bevindinge.

Hierdie is 'n besondere vak wat baie deure vir die toekoms sal oopmaak. Dit is belangrik om van die begin af seker te maak dat konsepte verstaan word deur vrae te vra in die klas. Dit is ook belangrik om te besef dat die vak uit multifasette bestaan en dit dus leer- en verstaanwerk insluit, asook al die tegnieke vroeër genoem. Dit word as 'n moeilike vak beskou, maar met die regte ingesteldheid en wiskundige vaardigheid sal groot sukses behaal word.

## INHOUD VAN DIE VAK:

### VAARDIGHEDE WAT ONTWIKKEL WORD:

- Wetenskaplike teorie word ondersteun deur praktiese werk en laasgenoemde verg tegnieke, wat nie by ander vakke geleer kan word nie.
- Daar is ook baie data-insameling, analise en evaluasie van resultate wat ander dele van die brein stimuleer. Verder moet die leerders hierdie uitkomste grafies kan voorstel en berekeninge doen vanaf die grafieke.
- Metakognitiewe denke word aangemoedig en insig word getoets deur leerders deurentyd aan nuwe scenarios bloot te stel.
- Die leerders word ook deurentyd blootgestel aan assessering vir leer en belangrike konsepte word deurentyd gekonsolideer.

### MOONTLIKE STUDIERIGTINGS/BEROEPE :

- Mediese dokter.
- Fisioterapeut.
- Ingenieurswese.
- Navorsingstegnikus.
- Forensiese wetenskaplike
- Onderwysers.
- Sportwetenskaplikes.
- Bankwese deskundige.